*DIE SLAG VAN BANGUI*

# ’n Verhaal wat kronkel verby diamante en ANC-konneksies tot by SA lyke in die stof

Agt jaar nadat 15 Suid-Afrikaanse soldate in en ná 'n hewige stryd met rebelle in die hart van Afrika dood is, weet hulle weduwees en familielede steeds nie waarom dié lede van ons spesmagte soontoe gestuur is of hoekom hulle aan hul eie lot oorgelaat is nie. 'n Nuwe boek, *The Battle of Bangui: The inside story of South Africa’s worst military scandal since apartheid,* werp meer lig op dié rampspoedige ontplooiing, asook die verstommende verhaal van uraan- en diamantkonsessies wat aan maatskappye met ANC-bande toegestaan is. ADRI KOTZÉ doen verslag.

23 APRIL 2021



*'n Seleka-rebel sit op 'n Gecko van die Suid-Afrikaanse weermag in die Sentraal-Afrikaanse Republiek.*
*SUNDAY TIMES/JAMES OATWAY*

IN Bangui, het die bebaarde rebellebevelvoerder met 'n veraf kyk gesê, lê die diamante gesaai op die grond, jy kan die blink klippies sommer by die handevol optel. Onder die krat waarop hy langs die vuur gesit het, het die bierblikke begin opstapel, en daarmee saam het sy tong al hoe losser en sy uitsprake meer vergesog geraak in die dik donkerte wat aan die einde van elke dag so plotseling oor die ewenaar neersak.

Bangui, die hoofstad van die Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR), was sowat 200 km noord al langs die Ubangirivier van waar ons in die Dongo-gebied in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) in 'n rebellekamp in die reënwoud gesit het. Dit was Oktober 2000, en ek en kameraman Mzwandile Njokwana was in die DRK om 'n dokumentêre program vir die SAUK se *Special Assignment* te maak oor die rebellegroepe wat geveg het teen die regeringsmagte van Laurent-Désiré Kabila, destyds die president.

Vir die bevelvoerder langs die vuur was die waan van maklike geld in die naburige Bangui 'n ontsnaproete, weg van die oorlog waar 'n malariamuskiet of 'n vyandige mortier ewe maklik jou einde kon beteken as jou eie skietlustige troepe.

Baardbek was nie die eerste óf die laaste wat gedink het hul weg na kitsrykdom loop deur die SAR nie. Dié land is 'n helleput van staatsgrepe, ellende, kansvatters en skobbejakke ná dekades van koloniale uitbuiting, internasionale inmenging en vrot, selfs bloeddorstige, heersers.



*Faustin Archange Touadera en Vladimir Putin se ontmoeting in Mei 2018.*
*KREMLIN*

## Bloedgeld

In die SAR kós dit 'n regering om 'n staatsgreep af te weer, al is dit een van die armste lande ter wêreld. Vat maar die huidige president, Faustin-Archange Touadéra, wat pas sy tweede termyn begin het te midde van 'n verwoede aanslag van 'n alliansie van rebellegroepe.

Touadéra steun blatant op Rusland om aan die bewind te bly: skaars twee maande nadat hy in Oktober 2017 die Russiese minister van buitelandse sake, Sergei Lavrov, in Sochi ontmoet het, het Rusland vrystelling van die Verenigde Nasies (VN) gekry om onder meer Kalashnikovs, pistole, vuurpyllanseerders en lugafweermissiele aan die SAR te verskaf om gebiede onder die beheer van rebelle terug te vat.

Minder as 'n jaar later het Touadéra vir pres. Vladimir Putin in Rusland ontmoet, en binne nog twee maande is Russiese militêre raadgewers na Bangui gestuur. 'n Russiese spioen, Valery Zakharov, het Touadéra se nasionale veiligheidsraadgewer geword. Russiese huursoldate van die skaduagtige private militêre Wagner Group verskaf "opleiding" aan die SAR se weermag.

Die man agter die Wagner Group, die oligarg Yevgeny Prigozhin, is 'n vertroueling van Putin wat deur die VSA daarvan beskuldig word dat hy in 2016 in die Amerikaanse verkiesings ingemeng het. Hulle het 'n beloning van $250,000 uitgereik vir inligting wat tot sy arrestasie sal lei. En pas het die VN gesê die Wagner-huursoldate is skuldig aan ernstige menseregtevergrype in die SAR, en bevestig dat die Russe veel meer as opleiding en beskerming doen: Hulle veg aan die kant van die regeringsmagte en is in gewelddadige aanvalle betrokke. Dít sluit in summiere teregstellings, aanvalle op humanitêre organisasies, marteling en verdwynings.

In ruil vir hierdie “hulp" het Touadéra vrygewige diamant- en goudmynkonsessies aan Russiese maatskappye gegee; in die besonder aan Lobaye Invest, 'n maatskappy wat deel is van Prigozhin se internasionale konglomeraat. Die VN noem spesifiek ook Lobaye Invest in verband met die vergrype, en so ook nóg 'n Prigozhin-groep, Sewa Security Services, wat die president en ander hooggeplaaste amptenare beveilig.

Die SAR se sakemodel is niks nuuts hier nie: Dit is op die proef gestel deur oudpres. François Bozizé toe hy nog aan die bewind was. (Die ironie is dat einste Bozizé nou aan die hoof staan van die rebelle-koalisie teen wie Touadéra die Russiese huursoldate gebruik.)


Maar Bozizé was destyds veel slimmer: Hy wou die Suid-Afrikaanse weermag kry om hom met Suid-Afrikaanse belastingbetalersgeld te beskerm, terwyl die mynkonsessies na maatskappye met ANC-bande gegaan het.

Dié plan van Bozizé sou uiteindelik die lewe van 15 Suid-Afrikaanse soldate eis. Die titel van 'n nuwe boek deur die joernaliste James Oatway, Warren Thompson en Stephan Hofstatter beskryf dit gepas: *The Battle of Bangui: The inside story of South Africa’s worst military scandal since apartheid.*

'A powerful cocktail of searing front-line war reportage, investigative journalism, and history ... with echoes of *Black Hawk Down*, of Rorke's Drift, and of *Heart of Darkness*'
– Andrew Harding, BBC foreign correspondent and author

# THE BATTLE OF BANGUI

## THE INSIDE STORY OF SOUTH AFRICA'S WORST MILITARY SCANDAL SINCE APARTHEID



Warren Thompson, Stephan Hofstatter and James Oatway

## Die Suid-Afrikaanse konneksie

Ja, dit was hy wat die brief geskryf het waarin Bozizé hulp gevra het van Thabo Mbeki, toe Suid-Afrika se president, sê Johann Smith, 'n voormalige militêre-intelligensie-offisier wat as risiko-konsultant 'n gewoonte maak daarvan om op die verkeerde (of regte, afhangende van hoe jy daarna kyk) plekke in Afrika op te duik.

Smith, wat die bynaam Pegleg gekry het nadat hy ernstig verwond is ten tyde van Suid-Afrika se betrokkenheid in Angola in die 1980's, was aan die begin van 2006 'n raadgewer vir Bozizé. (Twee jaar tevore was Smith ook 'n raadgewer vir Ekwatoriaal-Guinee se pres. Teodoro Obiang Nguema toe Suid-Afrikaanse huursoldate gearresteer is voordat hulle hom in 'n staatsgreep kon omverwerp. Smith se intelligensieverslae waarin hy oor dié staatsgreepplanne waarsku, is deur verskeie regerings geïgnoreer.)

“Ek het so drie maande in Bozizé se paleis in Bangui gebly. Een aand het hy gevra ek moet help omdat die bedreiging van die rebelle ál groter geword het. Bozizé het besef hy is in die moeilikheid," sê Smith.

Bozizé, eens 'n generaal onder die uitspattige tiran Jean-Bedel Bokassa wat homself in die 1970's as lewenslange keiser verklaar het en politieke teenstanders gemartel en vermoor het, het self in 2003 in 'n staatsgreep aan die bewind gekom. Hy het aanvanklik die steun gehad van Tsjad se Idriss Déby (lank die sterkman van die streek wat pas dood is in gevegte in sy eie land), Joseph Kabila van die DRK en Denis Sassou-Nguesso van Congo-Brazzaville.

Maar kort voor lank het opposisie-politici Bozizé daarvan beskuldig dat hy in onwettige diamanthandel betrokke geraak het. Bozizé het die steun van sy bure verloor en was in 'n erg benarde posisie.

“Ek het voorgestel hy vra hulp van Mbeki en [José Eduardo] dos Santos omdat ek geweet het Suid-Afrika sou Angola wou voorspring," verduidelik Smith. “Toe het ek briewe opgestel waarin ek die bedreiging verduidelik het en die rebelle se roetes vanuit die noorde aangedui het."

Die briewe is tegelykertyd per e-pos en faks aan die twee presidensies gestuur, onthou hy. (Smith het steeds die oorspronklike dokumente, onderteken deur Bozizé.)

“Man, die briewe was nog nie eens koud nie, toe land Tim Dennis al," onthou Smith. 'n Afvaardiging gelei deur Dennis, destyds hoof van die Suid-Afrikaanse Geheime Diens, het volgens Smith binne 'n dag of twee in Bangui aangekom en met Bozizé vergader. Op aandrang van die SAR se president het Smith téén Dennis se wense die vergadering bygewoon.

“Die vergadering het gegaan oor die omvang van die bedreiging en watter steun Suid-Afrika kan gee wat opleiding en raad betref. Dit was nooit die bedoeling dat Suid-Afrika in enige gevegte sou betrokke raak nie. Daar is nie geld of vergoeding genoem nie en beslis ook nie konsessies nie."

Bozizé se versoek om hulp moes op net die regte tyd gekom het vir Mbeki. Soos die skrywers van *The Battle of Bangui* dit beskryf: “'n Sleutelaspek van Mbeki se Afrika-agenda was om Suid-Afrikaanse sakebelange oor die vasteland heen uit te brei terwyl hy vrede bevorder het."

Ná Dennis se besoek het die verhouding vinnig spoed opgetel. In April 2006 was Bozizé op uitnodiging van Mbeki op 'n werksbesoek in Suid-Afrika saam met sy neef, Sylvain Ndoutingai, die SAR se minister van mynbou en energie. Bozizé het die president sowel as Mosiuoa Lekota, toe Suid-Afrika se minister van verdediging, ontmoet. Ndoutingai het met “verskeie" Suid-Afrikaanse maatskappye vergader oor mynbou en energiesake, volgens 'n gesamentlike verklaring ná die besoek.

Die twee lande het 'n ooreenkoms onderteken vir samewerking op die gebiede van mynbou, energie en vervoer – maar ook verdediging en sekuriteit. Skaars twee weke later het Lekota in Bangui geland vir 'n besoek. In Desember het hy teruggekeer en verklaar dat Suid-Afrika stabiliteit in die SAR sou help bewerkstellig deur professionele opleiding vir soldate te gee en die weermag se geriewe en toerusting op te knap. Teen dié tyd, skryf Oatway, Thompson en Hofstatter, het Suid-Afrika reeds ruim geldelike hulp aan die SAR gegee.

“Van die Suid-Afrikaanse ‘mynbelange' wat die regering in die SAR sou bevorder, sou wees Inala Centrafrique, 'n maatskappy met bande met die ANC se militêre veterane en die party se geldinsamelingsliggaam Chancellor House, en UraMin, 'n maatskappy wat na bewering bande gehad het met die Mbeki-administrasie," skryf Oatway-hulle.



*Ammunisie, waaronder mortiere, in 'n huis wat glo aan François Bozizé behoort het naby die gevegsfront in Bangui.*
*JAMES OATWAY*

## Die politieke konneksie

Teen die begin van 2006 was daar al 'n héle ruk lank Suid-Afrikaners in die SAR aan die prospekteer, sê Smith. Van hulle, meen hy, was in diens van UraMin. “Teen Desember 2005 was daar stories in Bangui dat die grootste uraanneerslae tot nog toe gevind is en dat 'n mens dadelik aandele in UraMin moet koop."

In *The Battle of Bangui* word die UraMin se geskiedenis as “vreemd" beskryf: In 2004 het 'n Australiese geoloog genaamd Adrian Lungan die Kanadese myn-entrepreneur Stephen Dattels genader om uraanprojekte te ontwikkel. Hulle het George Roach, 'n Suid-Afrikaner wat “al 'n hele paar keer om die blok is" en mineraalregte oor Afrika heen beding het, by hulle projek betrek. In Februarie 2005 het hulle 'n maatskappy, Uranco, in die Britse Maagde-eilande geregistreer.

“Dattels het Roach aan sy ou vriend Sam Jonah voorgestel ... een van Afrika se legendariese mynmagnate."

Jonah, die eerste Ghanese uitvoerende hoof van Ashanti Goldfields wat in 2000 deur Mbeki op sy presidensiële internasionale beleggingsraad aangestel is, het Uranco toegelaat om sy kantore in Sandton te gebruik. Uranco se naam is na UraMin verander.

In dié tyd het UraMin ook vir prospekteerregte in Suid-Afrika aansoek gedoen, en in November is Jonah in die maatskappy se direksie aangestel “om die departement te hanteer", het die *Mail &Guardian* in 2012 berig. Die koerant het bronne aangehaal wat beweer het Jonah was naby aan Mbeki.

Roach het aan die skrywers van *The Battle of Bangui* gesê Jonah het teen die einde van 2005 met hom begin praat oor die ryk uraanneerslae naby die afgeleë dorpie Bakouma, diep in die woude van die SAR. UraMin wou Bakouma met mag en mening bekom.

Volgens Roach het hy in April 2006 in die Sheraton-hotel in Pretoria met Bozizé se minister-neef vergader in die tyd wat Bozizé vir Mbeki en Lekota gesien het. Daar het hulle die ooreenkoms beding wat 'n week later in Bangui onderteken is: Die SAR-regering sou in effek 'n aandeel van 10% in die projek hê, en UraMin het ingestem om $20 miljoen te betaal vir aandele wat van die regering teruggekoop is.

In Junie het Uramin 'n swartbemagtigingsvennoot in Suid-Afrika, Lukisa, bygekry wat na bewering bande gehad het met die familie van die destydse adjunkpresident, Phumzile Mlambo-Ngcuka.

“Ons meen dis redelik om tot die slotsom te kom dat Suid-Afrika se militêre teenwoordigheid in die SAR, wat in 2007 geformaliseer is, ... daarop gemik was om deure te open vir Suid-Afrikaanse ondernemings met politieke bande en terselfdertyd die SAR se gewapende magte op te lei en te versterk en dus die land 'n veiliger plek te maak om in sake te doen," skryf Oatway-hulle.



*Bangui, hoofstad van die Sentraal-Afrikaanse Republiek*
*SIEGFRIED MODOLA/REUTERS*

## Bozizé se eise en diamante

In 2007 het Suid-Afrika Bozizé se versoek toegestaan vir 'n skenking van militêre voertuie en toerusting, insluitend 68 Samil-trokke en Ratel-pantservoertuie. Die voertuie moes egter opgeknap word, en *The Battle of Bangui* beskryf hoe January Masilela, destyds Suid-Afrika se sekretaris van verdediging en 'n prominente oud-lid van Umkhonto weSizwe, 'n maatskappy genaamd Serengeti Defence Technologies daarvoor aangestel het.

Serengeti het behoort aan Joshua Nxumalo, 'n ANC-oorlogveteraan wat naby was aan Jacob Zuma. Serengeti se direkteure het ingesluit ene Didier Pereira, 'n transaksiemaker van Congo-Brazzaville wat ook 'n vertroueling was van Bozizé, en Nic Wolpe, 'n trustee van die ANC se Chancellor House. Serengeti-aandele is ook aan Chancellor House oorgedra.

Serengeti Group Holdings en die SAR-regering het toe reeds 'n gesamentlike onderneming, Inala Centrafrique, gestig. Die skrywers van *The Battle of Bangui* sê dit het eerder gelyk na 'n gesamentlike onderneming tussen Bozizé en die ANC. Inala Centrafique was in die diamantbesigheid en sou ingevolge die ooreenkoms die enigste permit hê om SAR-diamante uit te voer.

Die International Crisis Group se Thierry Vircoulon het aan Oatway-hulle gesê Pretoria se besluit om troepe na die SAR te stuur en Bozizé van lyfwagte te voorsien, was hoofsaaklik vanweë planne om deur Inala geld uit die land se mineralerykdom te maak.

“Van die Suid-Afrikaanse kant was die belangstelling veral in diamante," het Vircoulon gesê. Van die SAR se kant af was dit eenvoudig 'n veiligheidstransaksie.

Die boek verwys na 'n enkele reël in die departement van verdediging se jaarverslag vir 2007-2008 na die militêre sending in die SAR: “Die kontingent het beskermingsdienste vir die president van die SAR verskaf." Die Suid-Afrikaanse regering het dus persoonlike lyfwagte uit sy elite-eenhede verskaf om 'n diktator aan die bewind te hou.

## Duduzane en die Guptas

Teen September 2008 was Mbeki in onguns by die ANC en is hy herroep. Skaars 'n maand later, skryf die joernaliste in *The Battle of Bangui*, het Duduzane Zuma, die seun van Mbeki se nemesis en die toekomstige pres. Jacob Zuma, en sy sakevennoot, Rajesh “Tony" Gupta, in Bangui aangekom. Kort daarna het die Gupta-broers begin onderhandel om een van die grootste uraanmyne in Suid-Afrika te koop. Rajesh en Duduzane sou later aandeelhouers in die myn word.

Bozizé se transaksiemakelaar, Didier Pereira, het in dieselfde jaar Bagamoyo Investment Holdings in Suid-Afrika geregistreer. Sy sakevennote was die ANC-veteraan en -geldinsamelaar Paul Langa, asook Billy Masetlha, in daardie stadium 'n Zuma-ondersteuner en oud-spioenbaas. Masetlha het aan die *Mail & Guardian* gesê dat Bagamoyo 'n diamantkonsessie langs die Ubangirivier gekry het.



*Duduzane en Jacob Zuma*
*FELIX DLANGAMANDLA*

## UraMin en die Franse raaisel

In 2007 het die Franse kernreus Areva UraMin vir 'n verbysterende $2.5 biljoen gekoop. 'n Hele paar mense het in die proses fabelagtig ryk geword. Die nie-uitvoerende hoof, Sam Jonah, het volgens Oatway, Hofstatter en Thompson se ramings  minstens $67.5 miljoen in sy

sak gesteek. Tog was Areva se SAR-eksperiment 'n volslae mislukking. Die afgedankte Franse hoof van Areva, Anne Lauvergeon, is later ondersoek omdat UraMin nie naastenby die koopsom werd was nie.

Wat van groter belang is, is dat Areva in dié tyd 'n kernooreenkoms met Suid-Afrika probeer sluit het, en daar was gerugte dat Areva oorbetaal het vir UraMin juis om dié kontrak te verseker. Boonop was Lauvergeon en Jonah albei op Mbeki se internasionale beleggingsraad, hoewel dit seker 'n blote toeval kon gewees het.

Mbeki, Jonah en Lauvergeon het almal enige ongerymdhede ontken. Die Areva-ooreenkoms is in elk geval in Desember 2008 laat vaar toe Eskom weens die buitensporige koste daarvan onttrek het. Mbeki was reeds afgedank, en Zuma het oënskynlik die Russiese kernkragverskaffer Rosatom verkies.

## Bozizé in die moeilikheid

Teen 2012 was die president van die SAR geïsoleer. Die Seleka-rebellegroepe het nou goed opgeleide troepe van Tsjad en die Soedan ingesluit, en dit was duidelik dat Bangui teen hulle aanslag kon val. Alle aanduidings is dat Bozizé erg paniekerig was.

Sy seun en die SAR se minister van verdediging, Jean-Francis Bozizé, het Pretoria (en Zuma) stilweg besoek. In *The Battle of Bangui* skryf die joernaliste dat Bozizé jr. na bewering “presidensiële onderhandelinge" begin het vir Suid-Afrika om meer soldate te stuur.

Intussen het die Seleka-rebelle al hoe meer steun gekry, ook van huursoldate. Die gevaar was dat die Suid-Afrikaanse opleidingspan van 28 lede en hulle ondersteuningspersoneel in die SAR hulle wapentuig aan die rebelle sou afstaan of self onder skoot kom. Maar, skryf Oatway-hulle, die troepe in Bangui het nie amptelike kommunikasiekanale met die SAR se politieke leiers gehad nie, en ook geen noemenswaardige intelligensienetwerk nie.

Die joernaliste het by vertroulike bronne verneem dat Pretoria nie die waarskuwings oor die Seleka-rebelle ernstig opgeneem het nie. Boonop het die nuus oor die rebelle-opmars in die middel van die Kersvakansie gekom. Bozizé het glo 'n beangste oproep Pretoria toe gemaak.

In 'n voorlegging is Zuma en Nosiviwe Mapisa-Nqakula, toe die minister van verdediging, die keuses gegee: Die span in Bangui moet onttrek word, óf 'n taakspan moet Suid-Afrikaanse belange gaan beskerm. Zuma het na bewering besluit dit sou die verkeerde boodskap uitstuur as Suid-Afrikaanse soldate weghardloop: Valskermsoldate met die steun van spesmagte moes onmiddellik na Bangui gestuur word. Anders as gewone vredesmagte sou dié sending nie onder die vaandel van die Afrika-Unie of die Verenigde Nasies plaasvind nie.



*Pres. François Bozizé en pres. Jacob Zuma se ontmoeting in Pretoria aan die vooraand van die gevegte in die SAR waarin Suid-Afrikaanse troepe dood is.*
*GCIS/FLICKR*

## JZ en die SAR

Teen dié tyd Zuma het die voortgesette ontplooiing van Suid-Afrika se span in die SAR reeds twee keer verleng. Die ooreenkoms van vyf jaar het eintlik al verval vroeg in 2012, tien maande tevore.

Zuma het gevolglik vir Mapisa-Nqakula SAR toe gestuur om die ooreenkoms te hernu. Die nuwe ooreenkoms was veel wyer as die oorspronklike een wat Lekota in 2007 onderteken het. Die skrywers van *The Battle of Bangui* wys daarop dat Suid-Afrikaanse soldate in die SAR ingevolge die nuwe ooreenkoms hulself en hul eiendom kon beskerm en versterkings ontbied. Dít het die weg voorberei vir 'n intervensiemag. 'n Nuwe klousule het boonop bepaal dat Suid-Afrika vir Bozizé moes help om rebelle in 'n gewelddadige opstand te ontwapen en te demobiliseer. In effek moes hulle hom help om die rebellie te onderdruk.

“Zuma het versuim om die parlement in kennis te stel, soos wat hy wetlik verplig is om te doen, dat hy honderde troepe na 'n land in sentraal-Afrika stuur waarvan die meeste mense by die huis nog nooit eens gehoor het nie, om in 'n oorlog te veg wat geen ooglopende strategiese, politieke of kommersiële waarde vir die land inhou nie," skryf Thompson, Hofstatter en Oatway.



*Veterane van die slag van Bangui: lt.-kol. William Bucibe, kapt.Mmakoena Mahlo, stafsers. Serole Mampa, maj. Luckyboy Kwele en kol. William Dixon*
*JAMES OATWAY*

Die weermaglede is inderhaas opgeroep. Die beplanning was totaal en al chaoties, en die opleidingspan in die SAR het geen benul gehad wat die doel was van die intervensiespan toe hulle vroeg in Januarie 2013 in Bangui aankom nie. Daar was nie behoorlike verblyf vir hulle nie en hulle moes 'n ou polisiekollege, wat “onverdedigbaar" was, as basis gebruik. Kos was skaars. Pleks van om net drie weke te bly, is die ontplooiing keer op keer verleng.

Verskeie versoeke van die span in die SAR vir pantservoertuie, radio's en helikopters het op dowe ore geval. Die troepe in Bangui het al hoe meer moedeloos en ontnugter geword. Hulle het nie geweet wat hulle daar doen nie.

Teen Maart het die Seleka-rebelle met volskaalse oorlog gedreig as die Suid-Afrikaanse troepe nie onttrek nie. Maar Pretoria het besluit hulle moet bly.

Die rebellemag wat na Bangui opgeruk het, het teen dié tyd al uit 'n stuk of 7,000 soldate bestaan. Die 200 Suid-Afrikaners was nooit veronderstel om teen so 'n rebelle-oormag te veg nie, en hulle was vir alle praktiese doeleindes op hulself aangewese.

Toe die eerste gerugte van aanvalle die Vrydagmiddag van 22 Maart kom, het Bozizé se magte en die streeksvredesmag bloot verdwyn. Franse soldate in die SAR het aangedui hulle gaan nie militêr betrokke raak nie. Die Suid-Afrikaanse groepie was die enigste verdedigingslinie.



*Van die Seleka-rebella was geharde veterane van oorloë in Soedan en Tsjad.*
*JAMES OATWAY/SUNDAY TIMES*

## Hewige gevegte

Vlaag op vlaag rebelle het die Suid-Afrikaners teruggedwing van hulle posisies buite Bangui. Alle hel het losgebars. Die Suid-Afrikaanse troepe se ammunisie en mortiere het min geraak en hulle het vanuit alle rigtings onder skoot gekom.

Daar is geen twyfel dat die Suid-Afrikaners heldhaftig en gedissiplineer was nie, maar hulle is in lokvalle gelei, en sonder die pantservoertuie wat hulle aangevra het, was hulle maklike teikens.

Die gevegte het al hoe nader gekom. Die boek beskryf hoe een valskermsoldaat ses rebelle gedood het wat op hom afgestorm het. Hulle was minder as tien meter van hom af.

Een van die mans was in 'n hand-tot-hand-geveg tot die dood. 'n Ander valskermsoldaat is met 'n bajonet doodgesteek. Nog een het 'n rebel doodgemaak deur sy kop oor en oor met sy geweerkolf te slaan. 'n Korporaal het sy mes so diep in 'n rebel se bors gedruk dat hy dit nie kon uitkry nie. Die rebel het met die mes nog in hom weggehardloop.

Van die Suid-Afrikaners is omsingel en moes hulle pad oopskiet. Van die noodlottig gewondes het aangebied om dekking tot op die laaste te bied sodat hul makkers kon ontsnap.

Weerman Motsamai William Bojane het 'n vuurpyllanseerder gegryp om dekking te verskaf vir groepe wat teruggeval het, maar is in die skouer geskiet en het geval. Bojane het nie gevlug nie, maar iets geskreeu in die lyn van: “Gaan, julle! Ek gaan saam met hulle sterf," en al lêend op die rebelle geskiet totdat sy RPG stil geraak het.

Suid-Afrikaanse soldate moes vanuit 'n skuilplek toekyk hoe die rebelle met gebuite Suid-Afrikaanse Gecko-voertuie vorentoe en agtertoe oor gesneuwelde valskermsoldate gery het om seker te maak hulle is dood. Van die Suid-Afrikaners moes 'n hele nag lank skuil of het deur die oerwoud gestrompel.

Teen die Saterdagaand het die rebelle die basis, wat van die begin af onvoldoende was, begin aanval. Die Suid-Afrikaners het besef die enigste uitweg is om 'n skietstilstand met die Seleka-rebelle te beding.

Volgens Oatway, Hofstatter en Thompson het Mapisa-Nqakula en 'n groep generaals die gebeure in die SAR in die ops-kamer by Speskop in Pretoria gevolg. Iemand het volgens berigte ook vir Zuma wakker gemaak, en hy het glo met verskeie staatshoofde in die streek gepraat. Dit is moontlik dat Tsjad se Idriss Déby ingegryp het, want kort voor middernag het 'n Seleka-bevelvoerder ingestem tot 'n ontmoeting die Sondagoggend.

Die Seleka-groep self reken die Suid-Afrikaners het meer as 600 rebelle in minder as twee dae gedood, hoewel dit tot 800 kon gewees het.

Met die skietstilstand uiteindelik in werking moes van die Suid-Afrikaners hul gesneuwelde makkers gaan soek. Bozizé het lank reeds saam met lede van sy presidentswag gevlug en daar was anargie in Bangui.

Teen die Sondagaand laat was die Suid-Afrikaners so te sê almal by die Franse lugmagbasis in Bangui. Die lyke van die 13 gevalle soldate het in 'n ry gelê.

Die Hercules-vliegtuig wat die dooies kom haal het, het die Maandagoggend elfuur in Bangui geland. Franse en Suid-Afrikaanse soldate het 'n erewag gevorm en 'n Suid-Afrikaanse vlag is gehys. Die valskermsoldate het hul makkers in die lyksakke na die vliegtuig gedra.

Die Woensdag en die Donderdag is die res van die soldate na Suid-Afrika teruggevlieg.



*Suid-Afrikaanse en Franse soldate vorm 'n erewag vir die gesneuwelde Suid-Afrikaanse troepe voordat hul lyke op die vliegtuig gelaai word om hulle huis toe te vat.*
*FOTO VERSKAF*

## Al weer Bozizé

Die gewese president is sedert 2019 terug in die SAR en is nou aan die hoof van die rebellegroepe wat Toudéra probeer ontsetel.

Idriss Déby, wat Tsjad drie dekades lank met 'n ystervuis regeer het, se dood die afgelope week dood in gevegte teen rebelle wat hom op hulle beurt wou omverwerp, gaan 'n verreikende impak hê. Hy was pas vir 'n sesde termyn verkies.

Déby is 'n sleutelfiguur in die stryd teen Islamitiese ekstremisme in sentraal-Afrika, sê Smith. “Sy dood laat 'n geweldige leemte in die streek. Nou gaan Bozizé met mening terugkom."

## Weduwees en families

Nadat die boek gepubliseer is, het die weduwees en familielede van die 15 soldate wat dood is (twee het ná hul terugkeer na Suid-Afrika gesterf) 'n ope brief aan pres. Cyril Ramaphosa geskryf:

“Dit is baie pynlik om te verneem dat mnr. Bozizé na Suid-Afrika gevlieg en verwelkom is, maar dat hy ons mans daar gelos het om vir hom te sterf, en hulle lyke is gelos om vir minstens 'n dag lank in daardie land se warm weer te ontbind, geen ordentlikheid van 'n lykshuis nie, niks! (Dit maak die seerste ná alles wat hulle reeds deurgemaak het)," lui die brief.

Tot vandag, sê hulle, wag hulle op 'n verduideliking oor hoe en waarom die mans op sulke kort kennisgewing en met so min voorbereiding gestuur is om in 'n vreemde land te gaan sterf.

* *The Battle of Bangui: The inside story of SA’s worst military scandal since apartheid* deur Warren Thompson, Stephan Hofstatter en James Oatway word deur Penguin Random House SA gepubliseer. Dit kos R320 en is in boekwinkels beskikbaar.

Adri Kotzé
*Joernalis*
Adri Kotzé is 'n vryskutjoernalis en Vrye Weekblad se korrespondent in Londen. Sy was tot Junie 2020 adjunkredakteur van Vrye Weekblad en het al onder meer vir die Bhekisisa Centre for Health Journalism, Carte Blanche, Rapport, Special Assignment en Beeld gewerk.